BAY TYRES
MAIN ROAD, GANSBAAI
BEST PRICES & SERVICE IN TOWN
Free
Safety check on tyres, brakes suspension and wheel alignment.
ANDRÉ / ERNA / JUDITH
074 690 6882

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford
7 Januarie 2022 77ste Uitgawe R7.00

SUPERSPAR
Main Road, Gansbaai
028 384 0269
Trading Hours
1 - 9 January 2022
08:00am - 20:00pm

Page 3 Franskraal Buurtwag
Page 5 Accident at Kleinbaai
Page 6 African Penguins Released
Page 8 Gansbaai Apteker
Page 13 4X4 Hindernis

# Gansbaai Kliniek verloor twee groot steunpilare

Oujaarsdag op 31 Desember 2021 was nie net die groet van 2021 nie, maar ook die hartseer groet van Gansbaai Kliniek se twee steunpilare, indien nie dalk die hoekstene nie - Suster Dorothea Jacobs en Suster Petro Prinsloo - met gesamentlike diensjare in verpleging van bykans 90 jaar!

'n Spesiale erewag is deur kliniekpersoneel, Gansbaai Brandweer en enkele munisipale amptenare vir hulle as 'n verrassing gereël. Hulle is deur Suster Elmarie du Toit gevra om gou uit hulle kantore te kom, waarna hulle met blomme en die erewag verras is.


Twee kosbare gesinne: Riaan en Dorothea Jacobs en Hennie en Petro Prinsloo.

"Dorothea was vir 44 jaar in verpleging en Petro 43 jaar," het Suster Elmarie du Toit, nou waarnemende Kliniekbestuurder, in haar groete-boodskap gesê. "Hulle is twee kosbare mense oor wie ek baie kan sê, maar daar is nie genoeg spasie in die Gans-Berg Nuus daarvoor nie," "Julle is twee groot bome vir wie ons moet groet - julle het 'n groot verskil met julle kundigheid en deernis gemaak, maar ons wat agterbly weet ons neem die aflosstok uit goeie hande om daarop voort te bou."

"Die kliniek was aanvanklik 'n vier-vertrek geboutjie met 12 sitplekke in die wagkamer toe ons hier begin werk het," vertel Dorothea. Altwee is dit eens dat daar altyd 'n gevoel van dankbaarheid en satisfaksie is wanneer 'n pasiënt gesond geword het. Sy sê sy het al baie prentjies van 'n 'gogga' geteken om te verduidelik dat die 'gogga' kleiner word solank medikasie gebruik word, maar weer groterword wanneer die medikasie stopgesit word.

"Ja, Covid-19 het sake baie bemoeilik, veral wanneer hy/sy positief getoets is en nie die lokaal mag betree nie," vertel Petro. "Dit het groot druk op ons as personeel geplaas, veral as hulle ongeduldig begin raak, maar daar is darem die dankbares onder die pasiënte ook." Gans-Berg Nuus maak graag van die geleentheid gebruik om hierdie twee steunpilare alle voorspoed met hulle aftrede toe te wens en terselfdertyd te bedank vir wat hulle vir Gansbaaiers beteken het.

**Suster Dorothea Jacobs**
"Ek het nog nie vaste toekomsplanne nie en wil eers bietjie rustig raak," vertel Dorothea. "Maar ek is baie lief vir bak, veral beskuit, en ek sal beslis nou voluit daarop fokus." Sy vertel ook dat sy baie lief is vir naald- en tuinwerk en sal nou alles kan doen wat sy baie graag nog altyd wou doen.

Dorothea het haar Stafverpleging in die Paarl deurloop en is daarna na Kaapstad en later na die destydse HF Verwoerd Hospitaal in Pretoria vir 3 jaar. Sy het ook Verloskunde in Tygerberg gedoen en daarna is sy na Panorama Hospitaal. "Dis waarvandaan Riaan my na Caledon ontvoer het," vertel sy.

Dorothea is getroud met Riaan Jacobs, voormalige Brandweerhoof en tans professionele fotograaf sedert sy aftrede. Hulle is sedert die begin van 1993 Gansbaaiers. Die egpaar het twee dogters, Berna wat oorsee woon en ongetroud is, asook Hanrie Fourie van Gansbaai. Hulle is oupa en ouma van drie kleinkinders.

Sou jy op dieselfde beroep besluit as jou lewe nou teruggedraai sou word? "Sonder enige twyfel is my antwoord 'n besliste ja, verpleging was nog altyd 'n passie in my lewe!"

**Suster Petro Prinsloo**
Petro Prinsloo, klein en tingerig en met 'n hart soos 'n mostertsaadjie, maar haar passie vir haar beroep en haar werkskapasiteit is veel groter as die boom homself. "Vir my is verpleging 'n edel beroep en dit is al wat ek van kindsbeen af wou doen, met Florence Nightingale wat vir my soos 'n mentor was."

Petro het kort na Dorothea in 1995 by Gansbaai Kliniek begin werk. Petro se opleidingspaadjie: 1979 - Algemeen, Verloskunde en Ortopedie, Tygerberg Hospitaal; 1991 - Beroepsgesondheid in Port Elizabeth; 1996 - Primêre Gesondheidsorg; 2012 - HIV-opleiding. Sy het 'n absolute passie vir HIV-pasiënte ontwikkel. "Dit is 'n saak wat my baie, baie na aan die hart lê," vertel Petro. Sy het in 2012 'n 9-maande kursus deurloop en was die eerste persoon wat daarmee in Gansbaai begin het, met 69 pasiënte. Na 9 jaar is daar sowat 1,300 en dit is net dié waarvan ons bewus is.

Petro is met Hennie Prinsloo, eienaar van Progress Design, getroud. Petro het twee seuns en 'n dogter, met Hennie wat drie seuns het. Altesaam is daar sewe kleinkinders, met 'n agste enetjie wat oppad is.

Wat van die toekoms? "Ek gaan vir 'n maand of wat beslis my tuin en huis geniet en net rus en ontspan," vertel Petro. "Ek is egter nie van plan om stil te sit nie." Sy sê sodra sy gereed voel, gaan sy uitkyk vir 'n halfdag werk, aangesien sy nie gebou is om stil te sit nie.

**Hardus Botha**



Petro Prinsloo en Dorothea Jacobs met hulle ruikers.


Petro Prinsloo en Dorothea Jacobs stap deur die erewag.

# Van 2021 na 2022 met kerse en musiek -Informele Oujaarsaanddiens-

Gemeentelede en besoekers aan die NG-gemeente se Oujaarsdiens op Vrydagaand, 31 Desember 2021, is met die instap by die kerkgebou genooi om gebedskersies (gedagtekersies) voor in die kerk aan te steek. "Met twee moeilike jare agter die rug, was die bedoeling met die aansteek van die kersies ter nagedagtenis aan die verlies van geliefdes, of aan iemand wat siek is, of aan werksverliese, of oor die sluiting van besighede of enige ander persoonlike ervaringe," het ds Floors Avenant, prediker en ook organiseerder van die spesiale geleentheid, voor die aanvang van die diens gesê. Die kersies voor in die kerk het 2022 uitgebeeld.



Groepfoto van betrokkenis: Voor sit Mark Robson, Gideon Naudé, Pikkie Louw en Deon Naudé. Agter staan Elize Eygelaar, Marié en Floors Avenant en Anita Botha.

Die diens is daarna begin met die sing van die bekende lied, *Genade onbeskryflik Groot*, onder die luisterryke musiek-begeleiding van 'n doedelsak (Mark Robson), die kerkorrel (Pikkie Louw), 'n trompet (Deon Naudé) en 'n sopraan saksofoon (Gideon Naudé) - 'n absolute wenkombinasie vir 'n gewyde atmosfeer. Marié Avenant en Anita Botha het direk na die votum en seëngroet, die groter kerse voor die kansel aangesteek, wat 2021 se afgelope 12 maande gesimboliseer het. Die heel groot kers in die middel het bly brand vir die oorgang na 2022. Gedurende die verloop van die diens het Elize Eygelaar agter die dataprojektor 'n groot rol gespeel om sake vlot te laat verloop.

Verdere liedere wat gesing is, is afwisselend deur een of meer van bogenoemde musiekinstrumente begelei, wat dit 'n besonderse aand gemaak het. Floors het 'n paar keer gedurende die verloop van die verrigtinge voldoende tyd vir stilgebed toegelaat. Hy het sy boodskap op Prediker 3:1-22 baseer, met die klem op '*daar is 'n tyd vir elke ding*'. "Daarom sluit ons die Oujaar se seer en teleurstellings af om weer eens met volle vertroue in ons Hemelse Vader die Nuwejaar tegemoed te gaan," het hy gesê.

Na afloop van die boodskap, het Deon die *Laaste Taptoe* meesterlik op sy trompet gespeel. Tannie Hermine Groenewald (87), 'n baie bekende Gansbaaier, het onder die trompetgeskal na vore gestap om die 12 kerse dood te druk om die einde van 2021 sodoende aan te kondig. Sy is deur haar dogter, Jolette Bezuidenhout vergesel.

Die sing van die gebed, die *Onse Vader* is weer deur trompet, saksofoon en orrel begelei. Tydens die uitstap na buite, het die kombinasie van orrel, doedelsak, trompet en saksofoon met die speel van *Amazing Grace* hoendervleis veroorsaak, met hier en daar iemand wat 'n stille traan gestort het.

**Hardus Botha**



Floors Avenant.


Tannie Hermine Groenewald.


Drie van die baie persone teenwoordig wat hul lewensmaats verloor het.


Selfs kinders het 'n kersie gaan opsteek.


Mark Robson (doedelsak).


Marié Avenant en Anita Botha steek die groot kers tussen die 12 kerse aan, wat moet bly brand vir die 2022.


Mark Robson steek 'n gebedskersie aan.


Gideon (sopraan saksofoon) en Deon Naudé (trompet)...pa en seun.


Pikkie Louw (orrel).

COMPUTER HUT
Fibre CCTV PC Repair VOIP Wireless
25 Dirkie Uys Str, Gansbaai info@tchwisp.co.za 028 384 1443 076 671 8630

Watertech Plumbing
Kontak nr: 081 403 1151 (Lizle Germishuys)
081 377 8165 (Johan Germishuys)
Kantoor Nr: 028 007 0429
Na Ure: 082 464 7226
Gelisensieerde Loodgieter en PIRB geregistreerd.
Ons werk tans van die huis af te Kano str 23, Gansbaai.

Oom Piet se Wasmandjie
Laundry Services:
- Washing
- Folding
- Ironing
- Free Pick Up & Delivery
Uilenkraalsmond to De Kelders
R20/kg
Monday - Friday
082 888 2722 wasmandjie@gmail.com
6 Fabriek Street,Gansbaai,7220

For any news contact Hardus at info2@gansberg.co.za

# 'Ons sê NEE vir misdaad' -Franskraal Buurtwag-

"Hierdie buurtwag glo in wedersydse vertroue en ondersteuning, omgee vir mekaar en goeie burgerskap en daarom sê ons NEE vir misdaad!" - Franskraal Buurtwag se brosjure wat hulle gedurende die Feesseisoen uitgedeel het. Buurtwaglede het agter Franskraal Rolbalklub saamgetrek en daarvandaan met hulle gemerkte voertuie op 'n 'bewusmakingsrit' deur hulle gebied gery.

"Vandag se rit deur die gebied gaan oor die bewusmaking van misdaad en dat ons 'n groot bydrae tot die bekamping van misdaad kan lewer deur saam te staan," het Willem van der Merwe, voorsitter gesê.

'n Tweede rit deur Franskraal is kort voor Kersdag deur die buurtwag gereël - dié keer is daar op Kersfees en vrolike kindergesiggies gefokus. Franskraal Buurtwag se 'eie' Kersvader het saam met twee Kersmoeders en 'n paar kinders agter op 'n bakkie geklim en Franskraal se strate ingevaar. Met sy egte klok het Kersvader kinders nader geroep om geskenkies te kom kry.

**Hardus Botha**



*Franskraal Buurtwag se Kersvader en twee Kersmoeders is gereed om te vertrek.*



*'n Deel van die indrukwekkende byeenkoms van Franskraal Buurtwaglede tydens hulle bewusmakingsrit deur Franskraal, met voorsitter Willem van der Merwe heel regs.*



*"Moet my nie as 'n buurtwaglid onderskat nie!" (Tau)*

To Advertise Contact:

Michelle at
ads@gansberg.co.za

Saskia at
ads2@gansberg.co.za

Call our office at
028 205 0100

FYNBOS POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
TIMBER/NUTEC WENDY HOUSES
PINE POLES - TAPER (CCA H4)
RUSTIC & CLEAR-CUT TIMBER PLANKS
WOODCHIPS AND SHAVINGS
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
GARDEN EDGING
PICKET FENCING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

Anne-Marie Cookson-Mars
+27 (0)63 995 0559 / +27 (0)65 844 3021
planetmarsprojects@gmail.com
PMP PLANET MARS PROJECTS
YOU CALL WE INSTALL
We specialise in:
• Laminated flooring
• Vinyl flooring
• Polyurethane screeds
• Epoxy floors
• Hardwood flooring
• Servicing of existing wooden flooring
• After building house cleaning
• Lime washed floors
• Varnishing of floors
• General maintenance
• Cornice & Skirtings
• Paint works

BLINDS & FLOORING studio
T 028 384 3898
C 082 417 5590
Shop 2, Protea Centre, Main Road Gansbaai
Call us for a FREE quotation
We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring
info@blindsflooring.co.za

There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659
23 Main Road, Kleinmond
028 271 4971
Barnhouse, 33 Main Road, Gansbaai
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34
082 322 0874

Overberg Scaffold & Machine Hire
Verhuring van alle boutoerusting:
Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)
Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)
Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.
Industriële Sirkel, Industriële Area Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676

# Gansbaai Karavaanpark 'bars uit nate'

'n Volgepakte Gansbaai Karavaanpark het behoorlik 'oorgeloop' van vriendelike en gesellige kampeerders. Met Gans-Berg Nuus se besoek aan die kamp, was dit net glimlagte, geselsies aanknoop en sommer ook uitnodigings soos 'kom drink gou ietsie saam met ons!" Dit het mooi-praat gekos om te verduidelik dit is nie moontlik nie - die foto's kan dalk daarna 'onderste-bo' geneem word! Twee van die dames het so ver gegaan as om voertuie met 'n glasie witblits voor te keer - al was dit dan nou ook net om daaraan te ruik! Norman Stevens, Kampbestuurder, kan beslis tevrede voel met soveel vriendelike en gesellige kampeerders in die kampterrein.

**Hardus Botha**


*'n Volgepakte Gansbaai Karavaanpark.*













## Vissersmans Verontmoedigings Diens / Service of Dependence



16 January 2022 Old Harbour @ 19h00

Navrae: Johan van Dyk 083 537 7013

**Streng COVID Protokol**

# Taking up on external loans

Overstrand Municipality received several questions from residents regarding the information statement on the proposed long-term debt to the total amount of R150 million, as per the approved budget for 2021/2022 and indicative years 2022/2023 and 2023/2024.

The purpose of the R150 million external loan relates to Electricity, Water and Sewage projects. The drawdown on the facility is intended to be in three tranches of R50 000 000 per annum for 2021/2022, 2022/2023 and 2023/2024 respectively.

The debt will be unsecured.

In accordance with applicable legislation, the Overstrand Municipal Council's intent to enter into long-term debt must be advertised in order to invite comment from the public.

The specifics of which project(s) will be funded by way of external loans, formed part of the budgeting process - a budget which to date has also been compiled by way of a public participation process. Thus, indirectly, the public has already been furnished with the requisite information.

The budget is available on Overstrand Municipality's website (www.overstrand.gov.za, click on strategic documents, click on Budget, download relevant budget book and scroll to Annexure E for detailed breakdown of the capital budget per project.)

At this stage, the public has been asked to comment and those comments will then be collated and considered before the necessary feedback will be provided.

***Overstrand Municipality***

Seeff

2022

New Years Wishes
Nuwejaars Groete

Gansbaai 028 384 1444

HOME IS OUR STORY

Hannes 083 977 4431 / Marlene 082 672 6332 / Anet 082 455 6437 / Daniël 078 702 3722

Kleinbaai



R3 700 000.00
Anet / Daniël

Franskraal



R 4 495 000.00
Anet / Daniël

Perlemoenbaai



R2 230 000.00
Hannes / Marlene

De Kelders



R2 995 000.00
Hannes / Marlene

# Help For Leopard Toads



New verge stones have been laid along De Bruyn Street in Stanford. Unfortunately the Western Leopard Toadlets are to small to get safely over the verge when they leave the breeding pond at the Willem Appel Dam in search of foraging. They get stuck on the verge lip and cannot get over therefore many die as they dry out.



In order to assist these little toads, Sheraine van Wyk of Whale Coast Conservation (WCC) took the initiative to add a cement wedge to the lip of these new verge stones, currently running from the R43 to Kiewietz Street, to the *Die Bron Primary School*.

Sheraine says it's a long stretch but seems to be working. "If we can get an agreement from owners not to drive across the wet cement to allow it to dry out, we could then extend it past driveway entrances," she added.

This is a conservation intervention in partnership with Overstrand Municipality and she thanked the Municipality for their assistance. The International Union of the Conservation of Nature (IUCN) has listed the Western Leopard Toad as an endangered amphibian.

** All toads are frogs, but not all frogs are toads.*

***Overstrand Municipality***

# Smokers - please take responsibility and put waste in its place

In clean-up campaigns, cigarette butts are consistently found to be the single most collected item picked up. Cigarette butts not only litter our shores, they also cause many of the veldfires that devastate our province every year.

Since cigarette butts are so small, most people who smoke don't think much about their effect on our environment. Contrary to popular belief, cigarette butts are not bio-degradable.

We once again appeal to residents, business owners and staff not to dispose of cigarette butts into the storm water drain.

If you are going to smoke, put your cigarette butts in the trash - do not bury it in the sand or on the lawn or out the car window.

PLEASE smokers - use a portable cigarette butt holder available on the market or something as simple as an empty bottle or can laden with a bit of water to dispose of butts.

***Overstrand Municipality***







**So op die vooraand van 2022 is daar vir oulaas deur Birkenhead Boothengelklublede gesellig saamgekuier en gebraai tydens hulle gereelde Woensdag-kuieraande in die klubsaal.**
**Hardus Botha**

# Accident on R43 near Kleinbaai crossing

On Friday 31 December 2021 SAPS members attended a motor vehicle accident on the R43 close to the Kleinbaai crossing. On scene, they found a white Toyota Corolla motor vehicle with damages to the left front side and a motorcycle with damages to the back centre.

The driver of the motorcycle Mr Loubser sustained injuries to his right leg. The medics of the St. Johns Ambulance services attended to him on the scene before transporting him to the hospital.

A criminal case of Reckless and/or Negligent Driving is under investigation by the Gansbaai SAPS office.

**Office of the Station Commander**
**Gansbaai SAPS**
**Lieutenant Colonel W Coetzee**






# Seventy (70) endangered African penguins released

The African Penguin and Seabird Sanctuary (APSS) returned 70 African penguins to their home on Dyer Island on 28 December 2021.

A total of 202 penguin chicks were removed in 2021 between October and November and hand-raised at the APSS, a project of the Dyer Island Conservation Trust (DICT). The removal of compromised and orphaned chicks is one of the actions to try to stabilise the declining African penguin population and is part of the African Penguin Biodiversity Management Plan of the Department of Forestry, Fisheries and Environment.

The chicks are removed at the end of the breeding season when the adults go through their annual moult. Due to a variety of circumstances, some parents start their moult before their offspring have reached the fledgling stage. These chicks will either starve to death on the island or venture into the ocean without the required amount of fat reserves to allow them to survive the challenges of the wild.

An additional challenge this year was the Avian Influenza outbreak that ravaged seabird populations in the Western Cape. Dyer Island was the epicentre of the outbreak. The Cape cormorant and African penguin populations were especially hard hit. According to Xolani Lawo, the Senior Bird Rehabilitator at the APSS the added pressure of Avian Influenza made the task of caring for these chicks a mammoth undertaking. “All the penguins had to be quarantined for five days. The increased biosecurity and testing measures added a big financial burden on the already stressed budget of the APSS. We are deeply grateful for all the support we have received from private and corporate donors, as well as those who visit our coffee and curio shop at the penguin sanctuary as all profits remain dedicated to our conservation efforts.” said Lawo.

“The African penguin population needs all the help they can get to prevent this species from becoming extinct in the wild. Today we celebrate the release of 70 African penguin fledglings back into the big blue,” said DICT Conservation Manager Trudi Malan. “This is the second group of birds that have reached the target weight of 2.8kg and can now be returned to the island. The remaining penguins will hopefully be released early in 2022.”

Dyer Island is classified as an Important Bird Area (IBA) and under the protective management of CapeNature. An avian influenza outbreak amongst wild birds is devastating as there is no cure or intervention to treat affected birds. CapeNature followed the best course of action which is to lower the viral load by removing sick birds and carcasses from the environment. As of 26 December, the count was 15 221 deceased seabirds on the island.

CEO of the Dyer Island Conservation Trust, Wilfred Chivell added, “The rescue, rehabilitation and release of these birds are but a small step in the actions required to arrest the decline of this species. Our penguins face many threats and active interventions like the limited closure for fishing around the island during certain times of the year should be implemented as soon as possible.”

**Brenda Walters**
**Personal Assistant: DICT**




*70 African penguins to be released.*




*Figuring out which way will Dyer Island be.*




*On their way to Dyer Island.*

Office National
Contact us to order your Personalised Rubber Stamps.
We offer an on-site service


028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za

# Aandmark was 'n lus vir die oog

Gansbaai Farmers Market se suksesvolle aandmark oor die Feesseisoen was 'n lus vir die oog en 'n plesier om by te woon - met die sangeres, Kaycee se stem en die musiek van die mark se gereelde Musiekfabriek, Louw de Witt, wat 'n vrolike atmosfeer geskep het.

**Hardus Botha**


*Kaycee sing spesiaal vir hierdie ouma se kleinkinders.*












# Kersvader se 'Skoendoos-besoek' aan HaS



Die sitkamer van Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes (HaS) was kort voor Kersdag vol opgewonde inwoners - hoe dan nou anders - hulle het verneem Kersvader is op pad. "Daar lui hy sy klok," is 'n fluistering wat in die sitkamer gehoor is - en toe is hy daar - met sy geskenke-sak en al op sy rug.

In die sitkamer is die Kersboom vooraf pragtig versier en 'n groot hoeveelheid toegedraaide skoendose met geskenke was reeds rondom die Kersboom gepak.

Die geleentheid, onder leiding van Marie de Jager, was deel van die 'Skoendoos-projek'. Die inwoners het heerlik saamgesing, waarna Kersvader geskenke begin uitdeel het. By nadere ondersoek het Gans-Berg Nuus se joernalis 'n vae vermoede begin ontwikkel dat Kersvader dalkies 'n Kersmoeder kon wees - mens wonder waarom hy so sou kon dink?!

**Hardus Botha**











# Gansbaai se gewilde Apteker terug na Centurion -Cobus Claassen-

"My pappa is die beste pappa wat daar is!" - Anru Claassen (3½) - en wie het nog nie Anru se tekenprentjie van sy pa, Apteker Cobus Claassen in Gansbaai Apteek gesien nie?

*Cobus Claassen is hier saam met sy eggenote, Esti en hulle kinders Anru en Franko.*



Ongelukkig, soos daar van 2021 afskeid geneem is, is daar ook van ons gewilde apteker afskeid geneem. Cobus en Esti het besluit om terug te keer na waar altwee van hulle vandaan kom - Centurion, Pretoria. "Ons het baie lief vir Gansbaai en die omgewing geword en gaan met swaar harte hier weg, maar na vele oorweging het ons besluit dit is die beste ding om te doen," vertel Cobus. Hy is op 3 Oktober 2015, sowat 6 jaar gelede, as bestuurder van Gansbaai Apteek aangestel.

Hy en Estie, 'n fisioterapeut, se wortels lê in Centurion en altwee se ouers woon ook daar. "Dit is dus 'n tipe van familie-besluit vir ons en ons seun, Franko (7), wat volgende jaar in Gr 1 gaan wees," het Cobus gesê. Hy het ook gesê dat daar vir Esti meer geleenthede vir haar beroepsrigting sal wees.

Cobus was gelukkig genoeg dat die Arrie Nel Apteekgroep, vir wie hy in Gansbaai ook die bestuurder was, 'n bestuurderspos in hulle Littleton Apteek vakant gehad het. Hy gaan dus dieselfde werk doen, maar net in Littleton, Pretoria.

Die egpaar was gewilde persoonlikhede in Gansbaai en ook gemeenskapsbetrokke. Cobus is onder andere as diaken in die NG-gemeente verkies, waar hy sy deel gedoen het. Dan het hy ook jaarliks die Arrie Nel Rolbaldag met groot pryse op die spel aangebied. Gans-Berg Nuus, en sekerlik ook die Groter Gansbaai, wens die gesin alle sterkte en net die beste toe in Centurion.

**Hardus Botha**

# The Endangered African penguin

Over the last 30 years (three generations), the number of African penguins breeding in South Africa has declined by 73% from 42,500 breeding pairs in 1991 to 10,400 pairs in 2021 (Sherley et al. 2021) - a loss of 97% of the African penguin population since the turn of the 20th century.

The African Penguin and Seabird Sanctuary (APSS) in Gansbaai is open to the public from 09:00 to 16:00 daily with a feeding time that can be observed from the auditorium at 15:00. Penguin releases will be ongoing.

The Dyer Island Conservation Trust (DICT) was founded in 2006 by conservationist Wilfred Chivell. The DICT delivers unique conservation and research programmes in the fragile and critically important marine ecosystem at the southernmost tip of Africa. Here we strive to protect the largest surviving colonies of the endangered African Penguin whose numbers are at an all-time low; the globally important breeding and calving grounds of the Southern Right Whale; and the world's densest populations of the vulnerable Great White Shark.

**This registered non-profit organisation aims to:**
Discover and understand this globally important marine ecosystem through world-class scientific research;
Protect the long-term future of the species which live here, by translating this knowledge into evidence-based conservation initiatives and legislation;
Educate our partners - local communities, legislators and visitors - by informing and actively involving them in achieving our goals for the benefit of all.
DICT 10 Year Report / DICT 2017-2019 Report / Awards / Video / Covid Protocols

CapeNature is the chief custodian of the Western Cape's natural environment and is governed by the Western Cape Nature Conservation Board (constituted in terms of Act 15 of 1998).
**Brenda Walters**
**Personal Assistant: DICT**







# Bekwame en gewilde Veldgids verhuis -Christoff Longland-

"Ons is baie lief vir Gansbaai en die natuurskone omgewing en gaan dit beslis baie mis, maar ek moet aan my toekoms ook dink," vertel Christoff Longland, voormalige veld-/natuurgids van Grootbos Natuurreservaat oor sy aanvaarding van 'n pos in Tulbach. "Ek het dit as 'n goeie geleentheid vir my toekoms gesien, aangesien ek hier 'n plafon in my beroep bereik het," het Christoff gesê.

Christoff en sy eggenote, Marlette het sowat 14 jaar gelede na Gansbaai verhuis. Christoff het by Grootbos Natuurreservaat as 'n veld-/natuurgids begin werk. Marlette was vir sowat 9 jaar 'n onderwyseres aan Laerskool Gansbaai, maar het in 2019 klaargemaak. Die egpaar het 'n seun, JC (11) en 'n dogter, Heather-Mari (9).

Christoff het die afgelope 5 jaar as vryskut-veldgids gewerk, met sy fokus op drie voetslaanroetes (*hiking trials*): die Grootbos-, die Fynbos- en die Perlemoen-voetslaanroetes - 'n taak wat hy met 'n passie uitgevoer het. Op 31 Desember 2021 het hy klaargemaak en op 3 Januarie 2022 het hy by *Intaba Environmental Services* se Tulbach Veldrehabilitasie Projek aangesluit.

*Intaba Environmental Services* is 'n maatskappy in die Wolseley/Ceres area in die Wes-Kaap. Hulle verskaf onder andere die volgende dienste: Omgewingskonsultasie, Eko-landskapontwikkeling, Omgewingsopvoeding en Ekosisteem-rehabilitasie. Die Veldrehabilitasie Projek waarby Christoff nou aangesluit het, fokus op die Breë- en Bergriviere, plus omgewings-landskapsontwikkeling (*land scaping*), kwekerye en veel meer.

Christoff vertel dat landboubestuur sy aanvanklike studierigting was, maar dat hy daarna verskeie Veldgidskursusse deurloop het. "Ek het dus langer as 'n veldgids gewerk en baie minder op landbou-gebied gefokus," vertel hy. "Daarom sal my ommeswaai na landboubestuur en verwante aspekte 'n groot uitdaging en byna 'n 'nuwe' veld vir my wees." Hy sê hier in Gansbaai was sy werk ook meer op die toerisme-bedryf gefokus."

"Gelukkig is ek nie onbekend met my nuwe werksomgewing nie," vertel hy. "Ek was tot op 13-jarige ouderdom in Ceres en is dus bekend met die omgewing." Die egpaar wag nog vir finaliteit oor hul huisvesting, maar Christoff sê hulle sal waarskynlik in Wolseley woon, maar hy gaan in Tulbach werk.

"Ek is baie dankaan Grootbos Natuurreservaat, Sean Privett en die Ludzeyer-familie verskuldig," het Christoff gesê. "Hulle het baie deure vir my oopgemaak om te kan doen wat ek nou doen en ek het baie by hulle geleer."

**Hardus Botha**



***Christoff en Marlette Longland, met hulle kinders, Heather-Mari en JC.***




**8 January '22**
MTB Group Rides
@ 6:30am

Strandveld Hiking Club
@ Gansbaai Super Spar
Parking Lot 7am

Parkrun
@ Groeneweide Farm
8am

**8 January '22**
Gansbaai Farmers Market @
Market Square 9 am

Gallery 69 Art Market @
Taste Dilemma 9 am

Wine Walk @ Lomond Wine
Estate 10:30am

**16 January '22**
Vissermans
Verontmoedigings Diens
Old Harbour @ 19:00pm

**28 January '22**
Choir Festival. The Grande
Finale of the celebration

***Let us know what's happening***

***Contact us:***
***028 205 0100***

***Email us:***
***info@gansberg.co.za***

**Het jy 'n probleem? Do you have a problem? Vir hulp skakel, Alkoholiste Anoniem, Linda 083 458 4077**

# CLASSIFIEDS


**FRIDGE & FREEZER Repairs**
Robert Pace: 082 895 4546

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**Maintenance Man**
Noem dit en ons doen dit!
Kontak Deon: 076 838 2890

**TE HUUR**
Bakkie met drywer + 6m sleepwa
*Vervoer meubels - enige plek.*
Sel: 082 556 3044
jossie.pepper1950@gmail.com

**JAMES ROUX PROPERTIES / EIENDOMME**
Tel: 028 384 1197
028 384 0249
Sel: 074 059 6243
www.gansbaaiproperty.co.za

**Anice Blindings**
Alle soorte blindings & shutters
Vir GRATIS kwotasie
Skakel Andre' 072 563 7228 / Cesly: 082 564 5847

**APPLIANCE Repairs - Riaan**
Freezers, Fridges, Stoves, Diswashers, Microwaves, Washing Machine, Tumble Dryers
072 303 5742 - 084 353 0778

**CNC Sweis & Staal**
